

'n Snoekie vir my Sweetheart!

deur

Nico Luwes



Verwerking na Kaaps van [“'n Boudjie van my vroutjie”](#) van Nico Luwes

'n Kort, komiese, tong-in-die-kies eenbedryf

Vrye verwerking van Roald Dahl se kortverhaal *Lamb to the Slaughter*

17/09/2015

Dept. Drama en Teaterkuns

UV

Bloemfontein

(c) luwes@ufs.ac.za 0823742485

Opvoerregte verkrygbaar by Dalro

www.dalro.co.za/

Stel

'n Voorkamer in Bishop Lavis in die Kaap. Daar's 'n eettafel, stoele, buffetkas met eetgerei waarop borde, 'n bakskottel, glase en 'n waterbeker uitgestal is. Daar is ook twee gemakstoele met 'n koffietafel waarop Percy se *Cape Times* lê. Op die sytafeltjie by Jênnit se gemakstoel is 'n ou grimeertassie en 'n handspieëltjie. Iewers ook 'n horlosie – verkieslik 'n Mantelpiece se klank – word in die gang gesuggereer.

Agter middel word 'n ingangsportaal gesuggereer met die voordeur van die verhoog af regs. Die gang lei dan links agter na 'n geïmpliseerde kombuisie. Dit lyk baie huislik. Daar is 'n radio op die verhoog en die verteller se stem, wat vooraf opgeneem is vir die stuk, kom 'kamstig' oor die radio en die verteller se karakter word dan ook as "radio" in die karakterlys en in die teks aangedui. Die stuk word dus gedeeltelik as radiodrama en as realistiese toneel gespeel. Die verteller vertel in die verlede tyd terwyl die realistiese tonele in die hiër en nou afspeel.

Die winkeltoonbank in ou Sammy se winkel kan of voor van die verhoog geplaas word of agter op 'n rostrum. Die twee areas moet apart verlig kan word.

Karakters in volgorde van verskyning

Radio - Manlik of vroulike stem wat vooraf opgeneem is.

Jênnit April – 'n Jong huisvroutjie. Valerig, maar met groot hart vir die liefde.

Percy April (Sweetheart) – haar man.

Sammie – 'n Goedige Spaza-shop eienaar (Sou ook 'n vrou kon wees)

Buksie Jacobs – 'n Jong, bangerige polisiekonstabel op radiodiens en later op verhoog.

Sersant Straatvalk September – Percy se reservis-polisiekollega. Werk hoofsaaklik nagskof en woon alleen in die Wendyhuis agter op die April-familie se erf. Van tafel en bed geskei van sy vrou.

Blits Julies – Polisie *Inspector* wat rang gooi nadat hy baie vining deur die 'politieke' range geklim het.

Flash van Dyk – Polisiefotograaf en 'kunstenaar' (Nie die manlikste lid van die SAP nie en indien gespeel deur 'n vrou, nie die vroulikste lid van die SAP)

nie en sy sou die naam, Flash, kon behou!)

Stitch November – Ambulansman of –vrou. Baie prakties.

Driver Dirks – Ambulansbestuurder (Man of vrou) Nie baie slim nie

Toneel 1

(Dis laatmiddag. Jênnit sit ek brei by die tafel. Sy is die valerige, huislike tipe wat alles vir haar Sweetheart sal doen. Sy luister na die soetsappige musiek oor die radio. Soms kyk sy op haar polshorlosie. Dis asof sy na 'n radiodrama luister, want die verteller se stem kom oor die musiek)

Radio: Jênnit April het elke middag soes 'n goeie vrou moet, dood-*happily* gesit en wag lat haar Sweetheart van sy *day-shift* by die *police station* af moet kom. Haar Sweetheart, het sy besluit, sal nooit voor dooiemansdeur kom staan nie. Sy sal daar wees. As sy haar horlosie *check* en sien hoe die *time* verby *tick* het sy sommer so 'n *hot flush* gekry van al die *love* wat sy vir hom gehettit. Met elke *tick* het sy gewiet hier kom die *moment* nade' dat haar Sweetheart by daai deurtjie van hulle se hysie in Bishop Lavis sal instap. Haar Percy, vir wie sy somme yt ha' eie yt die *pet name* Sweetheart gegie het.

(Oor die musiek hoor ons 'n motor buite stilhou, die deur gaan oop en toe en voete stap op gruis buite. Die voordeur word (van die verhoog af) oopgesluit en Percy verskyn in die ingangsportaal. Jênnit staan op en gaan gee hom 'n 'intimate hug' terwyl hy sy polisieêps aan 'n spyker teen die muur ophang)

Jênnit: Hallo, my Sweetheart.

Percy: Dja.

(Die musiek oor die radio speel steeds en die verteller se stem kom by. Jênnit gaan gooi vir Percy watertjies in en hy kom sit en lees sy koerant)

se pêrde uitslae)

Radio: Dié tyd van die dag was altyd vir Jênnit die lekkerste! Sy't gewiet lat haar *one and only* Sweetheart, haar Percy, nie te *chat*-terig sal wies voorlat hy eers sy glasetjie koue watertjies klaar gedrink het nie. Dis te *hot* innie Kaap in. Sy was heeltemal *contented* om net so doodstil en *patiently* te sit en wag om na allie *lonesome hours* sy *presence* te *enjoy*. O, hoe het sy nie sy *warmness* daar op die stoeletjie ge-love en ge-enjoy nie! Eintlik het sy álles aan en ván hom só - só *intensely* ge-love! En sy wat Jênnit is, het juis nogal 'n *great capacity* en *need* vir love gehad soos sy daa' so sit!

Jênnit: Is jy *tired*, Sweetheart?

Percy: Dja, ek's *dead tired*. (*Hy sluk die water af en staan op om nog in te gooi by die sideboard*)

Jênnit (*spring vinnig op*): Is doodreg! Ek sallit kry.

Percy: Sit. Ek is mos nie gevrekkie. (*Hy gaan gooi self sy water in en kom sit weer en trek sy skoene uit*)

Jênnit: Sweetheart, moet ek jou slippertjies bring?

Percy: Nee.

Jênnit: Ek dink dis 'n *disgrace* lat hulle van djou *expect* – en djy, nogals 'n senior *police cop* – om heeldag op djou *feet* te loop *patrol*. Dis 'n *deadly job*! (*Pouse. Hy sug net 'n slag as hy sy tweede skoen uit trek*) O, voor ek vergiet, daar's iets wat ek jou moet vertel. Ou antie Mavis het vandag die *ring swing* op my gedoen. Jy weet daai toetsie waar hulle 'n ringetjie aan 'n stukkietjie garingtjie *attach*? En dan *swing* hulle dit so oor jou lyf – hierso orie magie? Nou *guess* nou net *what*? Dis 'n laatie!

“*S’ttrue’s Bob! ’n Laaitie!*” so rieken antie Mavis. En djy wiet antie Mavis was nog *never* nie *wrong* nie, nê? Is dit nie *exciting* nie? (*Pouse*) Sweetheart, kan ek vir jou ’n samoesa kry? Dis mos *Thursday* ek het nie *effort* gemaak mettie kossies saam nie. *Thursdays* is mos Ken...

Percy: Nee.

Jênnit: As jy te doodmoeg is vir Kentucky loop koop, kan ek gou-gou ’n ietsietjie aanmekaarslaat. Dis nog nie te laat’ie. Daar’s nog ’n snoekie en van giste’ se breyani innie *freezer* en jy kan dit nét hiér iet - jy hoef nie eers uit daai stoeletjie op te staan nie. Ek kan dit net warm maak. (*Pouse. Sy wil opstaan*) *In any case*, ek kry gou eers solank vi’ ons ’n stukkie brood met ’n lekseltjie breyani.

Percy: Sit. Ek soekie jou broodjie of jou snoekie of jou breyani nie.

Jênnit: Maar jy moet ietsie innie aand iet. Dissie *effort* nie! Ek sal dit *like* om dit vi’ djou te *prepare*. Dis dooddollies! Ons kan ’n ’n stukkietjie vark ook iet en ek het nog *role-moppie* ok as jy lus is. *Just what your heart desire!* Dis als innie *freezer*.

Percy: Los dit.

Jênnit: Maar Sweetheart, jy moet iets iet! (*Sy sit haar breiwerk neer en staan op*) Ek sallit ma’ in elk geval maak en dan kan jy ma’ *decide* of jy dit wil iet of nie – net soos jy *desire*.

Percy (*Sit sy koerant neer en staan op*): Sit. Net vir ’n *minute*... Sit. Toe-toe! Sit. (*Jênnit gaan sit stadig*) Kyk, daar’s ’n ietsie wat ek vir djou moet sê.

Jênnit: *What is it*, Sweetheart? Wat is *wrong*?

Percy: Kyk nê, ek wiet dit ga’ vir djou so bietjie *rattle*, nê. Ma’ ek het lank

gedink en toe ge-*decide* dit sallie beste wies as ek djou somme' *straight* sê. En *dead serious!* Ek hoopie djy gat nou vir my *seriously blame* nie, nê?

Jênnit: Ma' ek sal djou mos nooit vi' iets *blame* nie, Sweatheart, Ek sal vir my mos doodskaam! Djy ken my mos *inside out* en wee' *inside!*

Percy: Ok, die *truth* is dit, Jênnit... Ek gaat spat. Jy verstaan my, nê? Ek wil jou los. Djy wiet, soes in "haai" en 'koebaai!"

Jênnit: Jy bedoelitie.

Percy: Ja, ek bedoelit. Ek is *dead serious!* En *what's more*, ek wil vir djou *divorce*. Daa's 'n anne *chick* wat ek wil trou. En *really*, dis nou ma' dit. Ek laaik ha' kwaai en sy smaak vi' my dik stukke.

(Daar groei 'n klank soos 'n diep dreuning oor die radio. Dis is asof dit in haar kop gebeur en sy hom nie kan hoor praat nie. Percy mimeer sy woorde verder wat ons ook nie kan hoor nie. Bo-oor die dreuning kom die verteller se stem)

Radio: Netso! *Exactly* net so, het Percy April dit vir haar ge-tune. *And it didn't take long* nê! *Maybe* so 5 minutes om dit yt sy *system* te kry. Nou Jênnit se eerste *response* – eintlik haa' eerste *instinct* - was om dit glad nie te glo nie. Sy't eerste ge-*reckon* lat hy *maybe* glad nie eers gepraat hettie. Dat daai woor'e nooit eers oor Percy se tanne gekom hettie. Dja nooitie, sy't haarself dit seker net ge-*imagine!*

(Die diep dreuning oor die radio verdof en ons hoor Percy se woorde oor die dreuning)

Percy: So, dis soes dit is, nê? Ek wiet dis 'n bietjie van 'n *bad time* ommit nou vir djou te sê, maar *there's no other way*, nê? Ek sal *of course* vi' djou

support met geld en so en kyk lat djy 'n versôrre word met *accommodation* en so. *Actually* nê, hoef die hele *issue* glad nie eers 'n hele *commotion* te wiesie. Ek sallit nie laaik nie. Ek moet ôk dink aan my *image* by die werk nê? Soes djy sê, ek is da'm 'n senior *police cop*, nê?

(Die diep dreuning oor die radio groei weer, Percy mimeer nog woorde wat ons nie hoor nie en bo-oor die dreuning kom die verteller se stem)

Radio: Vir Jênnit het dit gevoel of hy met elke *terrible* woord net verder en verder van haar af in 'n vêr *space* in *disappear*. Sy't gerieken as sy haarself net kan *imagine* dat *nothing* ge-happen hettie, sy later sal *realize* dat *nothing genuinely* ooit ge-happen hettie. Dit was ma' net 'n *bad dream*...

(Die dreuning doof uit tot baie sag. Jênnit staan stadig op)

Jênnit *(fluister)*: Ek kry vir ons ietsie om te iet... *(Sy beweeg asof in 'n dwaal agtertoe na die ingangsportaal en uit na die kombuis)*

(Die diep dreuning oor die radio groei weer. Percy kom sit weer by die eetkamertafel met sy rug na die ingangsportaal en lees sy koerant. Jênnit doen basies wat die verteller sê. Bo-oor die dreuning kom die verteller se stem)

Radio: Soos Jênnit nou deur die voo'kamer na die *kitchen* gestap het, het alles vir haar heeltemal *automatic* gevoel. Uit na die *kitchen* toe... Die *light switch* aan... Die oopmaak van die *freezer* se deksel, haar hand wat die eerste ding vasvat waaraan sy voel... Die optel van dit, die *removal* van dit uit die plêstiek-bag... Die toemaak van die *freezer*... Die trugloep yt die *kitchen* yt... Die *light switch* afsit...

(Jênnit verskyn met 'n gevriesde snoek uit die kombuis in die ingangsportaal. Die dreuning doof uit en ons hoor haar in die stilte sag sê)

Jênnit: Hier's 'n ietsie vi' djou... 'n Snoekie vir my Sweetheart!

Percy *(met sy rug na haar. Ongeduldig): Just get it, Jênnit! Ek soekie my vroultjie se snoekie of jou role-moppie nie! (Hy smyt die koerant op die tafel en begin opstaan)* Ek gaat spat! Verstaa' djy nie? En dan kom djy nog hie' met jou snoekie!

(Jênnit het tot agter hom gestap en slaan hom met die gevriesde snoek een dooie koekhou hou teen die kop net as hy sy laaste woord probeer sê. Percy wieg effe op sy voete en slaan dan soos 'n dooie os skuins oor die tafel neer. Die tafel kantel en hy val verder tot op die vloer. 'n Vinnige verdonkering terwyl daar 'n spookagtige klank oor die radio kom, gemeng met die verteller se stem)

Radio: Jênnit het somme' *immediately* gewiet sy't hom *seriously* met daai snoek mordsdoodvrekgeslaat. Sy was net op *fully automatic*! Dit was vir haa' *amazing* hoe *clear* haar *mind* skielik geword het. Sy't sommer so in *fast forward* beginne te dink. Sy't gewiet, dja as 'n *police cop* se vrou het sy dadelik gewiet wat haar *penalty* sal wies. "Djy sal swing aan djou nek tot djy dead-dead-dead is!" Ma' op daai *moment* was dit nie eers vi' haar a *serious concern* nie. Ma' wat van die *baby*, het sy gedink? Is daar *special laws* vir *pregnant killers* soos sy? *Swing* hulle somme altwie saam-saam - die ma en die *baby*? Of wag hulle eers vir so tien maande? Dit was haar *serious concern*. Sy het nie gewiet nie, en sy wou nie daai *chance* vattie. Yt hierie *trouble* yt moes sy yt! Daaroor was sy *dead sure*!

(Die klank doof uit en die ligte doof in op Jênnit wat nog steeds oor die

lyk buk. Sy kom stadig regop, maak 'n besliste besluit en gaan sit die snoek in die bakskottel op die buffet. Sy neem dit na die kombuis en ons hoor die oond se deur oop- en toegaan. Sy verskyn weer bo. Kyk na die spieël en kom sit op haar stoel, plaas die spieël voor haar en knap haar grimering vinnig en deeglik op. Sy begin haar dialoog vir die volgende toneel in die winkel oefen)

Jênnit: Hallo Sammy. Ek wil graag bietjie *potatoes* kry, Sammy. Ja, en ek dink 'n blikkie *baked beans*. *(Sy herhaal dit 'n paar keer tot haar grimering reg is, staan op en neem haar mandjie en gaan agter uit by die voordeur terwyl sy die woorde herhaal. Die ligte verdoof terwyl sy op pad uit is)*

(In die donker hoor ons verkeersgeluide. Die ligte doof in op Sammy se winkeltoonbank. Hy is doening met 'n stapeltjie tydskrifte of hy speel perde in die Cape Times. Die straatgeluide doof uit en Jênnit kom in)

Jênnit: Hallo Sammy.

Sammy: Jis-ja, Missis April. Hoe gaatit?

Jênnit: Lekke' Sammy. Ek wil graag bietjie *potatoes* kry, Sammy. Ja, en ek dink 'n blikkie *baked beans*. *(Sammy haal dit onder toonbank uit en sit dit in die mandjie)* Percy het gerieken hy's 'n bietjie *dead tired* en hy is nie lus vi' Kentucky loep koepie. Ons ga' iet mos altyd *Thursdays* 'n stukkie Kentucky da' by Kentucky. Ma' toe't hy my bietjie *off-sides* gevang met niks *potatoes* en *baked beans* innie hys nie.

Sammy: Nouja wat van 'n stukkie vleis of so, Missis April?

Jênnit: Nee wat. Ek het 'n *lovely* ge-vriesde snoekie in die oondjie gesit.

Sammy *(ietwat afgehaal)*: O... Dja ou Percy *like* sy vis, nê!

Jênnit: Pra' djy wat nog tanne het! Ek *like* dit nie om 'n snoekie so ge-freeze innie oond te sit nie, maar ek vat maar 'n *chance* vi'naand. Dink jy hy gat lekkie' ytkom? Die snoekie?

Sammy: Aag, *personaly* dink ek, sal daar's nie 'n dooie *difference* weesie. Ek gooi hom sommer okso ge-freeze innie oond in. (*Jênnit gee so giggellaggie*) Soek djy nie van hierie lekkie' tjips-potatoes hê nie? Hulle is 'n bietjie duurder, ma'...

Jênnit: O, dja. Ek sal net so twietjies van hulle vat, asseblief. My Sweetheart *like* mos so van sy potatoes by die snoek.

Sammy (*gee vir haar die goedere*): Nou wat 'n ietsietjie agterna? Gat djy hom 'n ou ietsietjie agterna gie?

Jênnit: Dja *maybe*.... Wat *suggest* djy?

Sammy: Wat van 'n dodelike dik stuk *cheese-cake*? Ek weet hy laaik daai koek kwaai!

Jênnit: *Perfect*. Hy's *crazy* oor koek, dja. (*Sam sit dit onder toonbank in 'n skuimplastiekbakkie en sit dit ook in haar mandjie. Sy betaal hom en hy gee haar kleingeld*) Hi dis al laat al! *Seven bells!* Dankie en *sweet dreams*, Sammy. Dan sê ek ma' naand...

Sammie: Dja, jou Sweetheart is seke' al dood vannie honger! (*Sy stap uit terwyl die lig uitdoof*)

(*'n Strelende, sentimentele stukkie musiek word gehoor en die verteller se stem kom rustig daaroor*)

Radio: Toe Jênnit nou so yt die *shop* yt loep, het sy haarself ge-convince dat

al wat sy doen, is om *calmly* en doodrustig hys toe te stap na waar haar Sweetheart vi' haar en sy lekker *dinner* wag. Sy moet dit so lekker' as moontlik vir hom maak, want haar Sweetheart is dootlik moeg. En as sy by die hys inkom en sy *observe something strange*, of sien iets *terribly tragic*, sal sy *naturally* vrieslik ge-*shock* wies en *hysterical* worre en seke' verskriklik skrie en haar amper doodhyl vannie *shock* ennie *sadness*. Ma' so *confidentially* tussen ons – sy't nie iers ge-*éxpéct* om enige-iets *strange* by die hys te kry nie. Sy was ma' net *normally* en as *usually* op 'n *Thursday* met ha' *potatoes* en *baked beans* op pad hystoe om vir haar Sweetheart *dinner* te ga' kook.

(Die musiek en radiostem doof uit en die lig gaan aan in haar huis. Jênnit verskyn in die ingangsportaal. Sy neurie nog die sentimentele deuntjie wat pas oor die radio gespeel het)

Jênnit: Sweetheart? Percy? Hoe gaatit, Sweetheart? *(Sy sit die groente neer en kom af na die eetkamer. Sy sien hom op 'n vreemde manier op die vloer lê, hardloop af na hom en begin geskok oor sy lyk weeklaag. Sy vlieg op, kry haar selfoon in die handsak en begin haastig skakel. Sy is natuurlik half histeries)* Kom! *Police!* Kom dadelik! Dis Sweetheart.... Dis Percy... Hy's doed!

Buks *(paraat op radio)*: Wie praat?

Jênnit: Mevrouw April. Mevrouw Jênnit April. Hy's doed. *Totally dead!*

Buks: Mevrouw April? *Dead serious?* Djy meen... Onse Sersant Percy April is dood?

Jênnit: Dja, ek dink soe. Hy lê so snaaks oppie linolium en ek dink hy is doed.

Buks: Oppie wat?

Jênnit: Oppie linolium – oppie vloer!

Buks Holy Mo! Wag djy net da'! Ons kom daatlik.

(Vinnige verdonkering en polisie-sirenes kom aangejaag)

(Die ligte doof weer in en Jênnit staan verskrik in die voorportaal as die polisie binnekom. Percy se groot vriend in die polisie, Sersant Straatvalk September en 'n Inspekteurspeurder in privaatklere, Blits Julies, kom eerste in?)

Blits: Staan weg! En hou op skrie, mevrou! Lat ek kyk! *(Soos hulle afkom en by die lyk kom sit en vir lewe voel verskyn daar nog 'n verskrikte jong polisiemannetjie ook in die voorportaal. Sy naam is Buksie Jacobs en hy haal onmiddellik se keps uit respek af. Dis duidelik die eerste keer dat hy 'n lyk sien).*

Jênnit *(nog agter in die portaal):* Is hy goed?

Straatvalk: Ek is jammer dja, Mevrou. My ou *colleague* is *seriously* goed.

Blits *(aan Buksie):* Buks Jacobs. Vir wat staat jy so doodsgevrek daa' man! Loop kry 'n *blanket* in die Vêr lat ons die *deceased* kan toegooi!

Buksie: *Sharp, Inspector. (Hy vlieg by die deur uit en kon 'n rukkie later versigtig weer met die kombers in)*

Straatvalk: So, doodernstig nou... wat het hie'sô ge-*happen*?

Blits: Straatvalk! Wie's op hierie *case*? Ek of djy?

Straatvalk: *Sorry, Inspector.* Dis ma' net... hy was my ou groot tjommie... Ek bly

dan hie' agter by hulle innie Wendy!

Blits: *So what?* Sjarrap eers! (Dan op belangrike Afrikaans): Mevrou, wat het hier gebeur?

Jênnit *(speel die rol van die arme geskokte weduwee perfek en praat ook hoog Afrikaans met die belangrike inspekteur):* Inspector, my dierbare Sweetheart was alleen by die hys toe ek gou by Sammy se Spaza was. Ek wou *baked beans* en 'n twee *potatoes* koop wat so lekker by my snoekie in die *oven* sou pas. My Sweetheart... Percy laaik tog so van sy *potatoes* so by sy vroujie se snoek... En ek het vir hom en lekker dik stuk *cheese-cake* ook gekoop... en hy laaik tog so van koek... en... toe seker 'n *deadly heart attack*!

Straatvalk: Ai, En ek wat altyd net *night shift* werk, moes nou juis vandag, van allie dae, gaan help met die *certification* van al daai *documents* wat die *Varsity students* nou moet ingee! As ek hier was kon ek gehelp het!

Blits: Ja... *What a pity*. Ons het jou ge-need by die station, vandag.

Buks *(kom met die kombers af en wil dit vir Blits gee):* Hiersô, *Inspector*.

Blits: Gooi die oorledene net versigtig toe. Die fotograaf is nog op pad. *Relax* djy net, mevrou.

Buks *(begin die lyk bangerig toegooi en kyk skielik op):* Hier's 'n kolletjie dooie bloed hie' agter sy kop, *Inspector*.

Blits: *Jacobs!* Wie's op hierie case? Ek of djy?

Jênnit: *It's so terrible!* Ek hyl somme' wee! *(Sy is omtrent in ou Straatvalk se arms vir ondersteuning. Hy geniet dit baie)*

- Buks *Sorry, Inspector. Ma' dit lyk vi' my fishy! Iemand moes hom 'n moe'se pot-shot met 'n very heavy object gegie het!*
- Blits: *Constable Jacobs! Wie's... (Hy sien ook die hou teen die kop) Djy's reg. Seker sy kop teen die tafel ge-crash toe sy heart hom ge-attack het en hy val.*
- Buksie: *Lyk my mee' na 'n pot-shot...*
- Jênnit: *'n Pot-shot? Dis horrible! Watte' soort mens kan so wried wies? Ek gaan vir my doodhyl!*
- Straatvalk: *Asseblief mense. Ag moet tog nou nie lat ons hie' 'n fight op-start voor die arme weruwee' nie. Buksie cove' ma' vi' eers die corpse! (Buks wil toegooi)*
- Blits: *Straatvalk! Wie's op hierie case? Ek of djy? (Buks lig maar weer die kombers)*
- Straatvalk: *Sorry, Inspector. Dis maar net...*
- Blits: *Ja. Ja. Cove' up! Gooi toe die corps, Buks.*
- Buks *(gooi nou finaal die lyk toe, sit sy keps, wat die hele tyd in die pad was, weer op sy kop en sê heel onvanpas): Rus sag, Sersant Percy April. (Jênnit piep 'n snik uit, Blits gluur Buksie aan en Buksie ontrek eerder na die voorportaal waar hy verwese rondstaan)*
- Blits: *Kom mense laat ons hie'so order kry en sit. Laat ons oor die dooiepunt kom en uit-figure wat hier ge-happen het. (Almal sit om die eetkamertafel behalwe Jênnit wat weg van die lyk af op 'n gemakstoel sit) As sy heart hom nie ge-attack hettie, kan dit dalk murder wees! Nou goed, Mevrouw April. U sê u was by die winkel. By watter winkel?*

- Jënnit: Sammy se Spaza. Net hier af in die straat in. Hy kan getyg!
- Blits *(Op) O. Ou Sammy. Ek het sy nomme'. Ons vlieg saam duiwe. Nou pardon me vir eers laat ek die facts confirm. Ek bel hom gou. (Hy het sy selfoon uit en gaan praat in die voorportaal waar ons hom hoor mompel. Buks is natuurlik in sy pad) A, hier stop Flash nou-net!*
- (Die polisiefotograaf, Flash van Dyck, kom in en Blits beduie vir Buks om die kombers te kom afhaal en vir die fotograaf om die foto's te gaan neem. Iewers buite kom 'n ambulans ook aan. Straatvalk het intussen weer sy arms beskermend om Jënnit se skouers gaan slaan)*
- Flash *(is beslis nie die manlikste lid van die polisiemag nie. Sy foto's is sy erns en sy kuns): Sorry to interruptus so rudely, Missis, maar sal djy en Strôtvôlk asseblief net 'n bietjie hamba en vannie corps af staan... Ek moet die official foudies vat. (Hulle beweeg ietwat weg en Buksie haal die kombers af en Flash neem fotos uit verskillende hoeke. Sy beste skoot kry hy deur op die eetkamertafel te staan. Buks doen natuurlik sy bes op ook in skoot te wees soos hy die kombers vashou. Flash vergeet vir 'n oomblik waar hy is en vra eers hoflik vir Buks) Buksie... Jy staan in my natural light... (Dan 'crack' Flash) ... en fokkof uit my shot uit!*
- Buks: *Sorry! (Hy weet nie waar om te staan nie en beweeg maar kant toe met die kombers)*
- Flash *(neem sy laaste meesterstuk): Het hom! 'In the can!' (As hy die foto gevat het gaan lê hy op sy rug op die tafel en neem 'n selfie van homself en die lyk) Just for the record! Look who took this masterpiece! (Hy klim grasieus van die tafel af en pak sy goed in) Okay, Buksie, cove' ma' up! Gooi maar toe. (Hy mince deur se kant toe, maar bekryk eers die aksie van daar af) Djir, ek kry skoon die jitters!*

(Intussen het die ambulanspersoneel, Stitch November en Driver Dirks, opgedaag. Driver het beslis vir Blitz gevra wat Sammy vir hom oor die telefoon gesê het. Dis duidelik dat Jênnit en Straatvalk probeer luister wat Blitz vir hulle sê)

Stitch: Buksie loop kry die *stretcher* innie *ambulance*. *(Buksie af)*.

Driver *(saggies vir Blitz)*: So wat sê Sammy vannie vrou?

Blitz: Nee wat... Ou Sammy sê sy was daar en het heel dood-*normal* ge-*act*... Eintlik was sy *actually seriously quite happy*. Sammy sê sy wou vi' haar man 'n lekker snoekie gie. Met *baked beans*, tjips-*potatoes*, *cheese cake*, djy wiet...

Driver: Ai, en hy't so gelaai van koek. *(Dit lyk of Blitz iets lekkers uit die kombuis ruik)*

Stitch *(vir Buks wat met leë hande inkom)*: Buksie, nou waar's die *stretcher*?

Buksie: Met die lat ek uitkom sien ek die twee skollies hol met die aluminium *stretcher* ommie hoek en in 'n taxi in. *Gone!* Seker straight Johnnies Scrap Metals toe.

Driver: Dis die tweede een die blêddie maand! Aliminium is mos nou *scrap-metal gold!* Dis tyd laat hulle plêstiek *stretchers* innie *ambulances* sit! Buksie, kry daai mat innie gang lat ons kan aanmaak. *(Buksie gaan kry die mat en bring dit lyk toe)*

Stitch: Flash! Wil jy nie help *upload* nie, man?

Flash *(wip sy gat in 'n krul)*: *Pardon me for painting my hot pants pink!* Djy praat sieke' nie met my nie. Lyk ek vir jou soos een of anne' *butch*,

professional lyk-laaier? *Over my dead body!* Buksie en Driver kan vi' jou support. (*Hy loop na ingangsportaal en sê vir Blits op pad uit*) Oe! Something smells divine! (*Uit*)

Stitch (*Driver en 'n onbeholpe, grillende Buks, wat so vat-vat aan die lyk, rol die lyk in die mat toe en tel hom op*): Ok? Hup! Hup! *Three*, nê!

Al Drie: (*tel saam en staan op met die lyk*) OK? Hup! Hup! *Three!* En daa's hy, daa's hy, daa's hy!

(*Stith en Driver dra die lyk in die mat af met Jênnit wat die prosesie volg*)

Buks

(*bly staan skuins voor en haal sy keps respekvol af en hou dit teen sy bors*) Gaan in vrede, Sersant Percy April...

Straatvalk: Wil Mevrouw nie maar vanaand iewers oppe anne' plek ga' kiek nie? Dis half aarig so in 'n doodshuis. By jou sustertjie dalk? Ek is sieke' my ou vervreemde vroujie sal ôkkie *mind* nie... Sy slaap mos soes 'n klip... Djy wiet?

Jênnit: *Thanks*, ma' *no thanks*. Ek is so ôp ek sallie eers een voetjie voor die anne' kan sittie. Kan ek maar ma' vi' eers hier bly, net totdat ek wee' krag het?

Straatvalk: Kan ons nie jou bed solank hier agter in my Wendy-kamertjie staanmaak nie? Dan slaap ek maar hier innie hys en jy slaap darem nie vanaand in die dodehuis nie?

Jênnit Nie nou nie, *thank you, maybe later?* Ek weet mos darem jy is hie' agter in die Wendy as ek jou norig kry... (*Is daar iets agter die woorde? Straatvalk knik sy koppie tevrede*)

(*Buite vertrek die ambulans*)

Blits (*neem nou weer beheer en in hoog Afrikaans*): Mevrouw, u man is *possibly* vermoer met 'n harde hou tien die agte'kop – heel moontlik met swaar stompe voorwerp. Hoogs waarskynlik met 'n stuk sware metaal.

Buks (*reeds weer agter in na hy die lyk in die ambulans help laai het*): Ja, ek sê mos! 'n Moe'se *pot-shot* met 'n *very heavy object* - 'n stuk yste' of so iets.

Blits (*gluur hom weer aan*): *Constable Jacobs!* Wie's in *charge* hierso? Ons soek nou na die moordwapen. Die moornaar het dit *maybe* met hom saamgevat. *On the other hand* kon hy natuurlik die *weapon* wegge-*chuckit* of êrens weggestiek het. Hier in die huis of innie *immediate surrounds*.

Straatvalk (*wil ook professioneel soos Blits wees*): So, dis die ou *normal detective story*. Kry die *murder weapon* en djy het die man. Weet mevrou van enigiets in die hys wat dalk as die *murder weapon* gebruik kon word?

Jênnit (*skud net haar kop*): Ek's nou nie doodseker nie, ma' ek dink nie so nie.

Blits: Sal u omgee om 'n bietjie rond te *check* of iets nie dalk weg is of uit sy plek is nie? Miskien 'n *heavy metal vase* of so?

Jênnit: Ons hettie 'n *heavy metal vase* nie.

Buks: Wat van 'n moe'se groot *spanner* of so?

Blits: Ja of so iets?

Jênnit: Ek dink nie so nie. Maar, daar is miskien sulke goete in die Wendy hys hie' agte'.

Straatvalk: Hier's die sleutel van my Wendy as djulle daa' wil gaan soek.

Blits (Vat die sleutel): Straatvalk bly jy hier by die werewee en troos haar. Buks, kom. Laat ons bietjie buite ga' rond-check. (Hulle gaan af)

(Die lig verdof effe en 'n romantiese stukkie musiek kom oor die radio. Uiteraard is die vertellerstem oor die musiek hoorbaar. Straatvalk en Jênnit mimeer 'n toneeltjie waarin hulle blykbaar met mekaar praat en hy haar met oorgawe troos)

Radio: En so hettie search aan- en aangehou vir seker nog 'n uur of wat. Jênnit het gewiet dat daar later nog cops buite help search het. Sy kon hulle footsteps oppie gravel hoor en partykeer was daar 'n flash van een van hulle se flashlights teen die curtains. So nege uur – sy het soms na haar watch gekyk – het die cops buite begin gatvol vannie soek geraak en sy kon hoor hoe hulle begin moan, wegry of loop.

(Lig verhelder op die verhoog en die musiek doof uit)

Jênnit (effe skalks?): Ag Valkie, kan jy vir my 'n bietjie watertjies ingooi, asseblief? Ek het nou so 'n dorstigheid in my...

Straatvalk: Natierlik. Ek ve'staan? Van die? (Hy beduie na die waterbeker)

Jênnit: Ja, dalk voel ek dan 'n bietjie bete'...

(Hy staan op en gooi vir haar in. Blits en Buks kom bo in. Hulle lyk moeg en afgehaal).

Straatvalk (vir Blits): Iets gekry, Inspector?

Blitz:

Boggerô!

Jênnit:

Soek die *Inspector* nie ôk wate' nie? Julle moet sieke ôp wies? Asseblief, kry... Julle het my so ge-support.

Straatvalk: Ga' jy gooi Buks?. *Inspector* staan ma' nade'

(Hulle staan nader en Buks skink vir Blitz en homself. Hulle drink klaar en staan onbeholpe rond. Blitz snuif in die rigting van die kombuis)

Blits:

Mevrou April... Djy *realize* djou oven is nog die hele aand aange-switch, nê? Ek verbeel my ek ruik da' iets braai. Gaat dit nie brand nie?

Jênnit

(op): O.Jir, natierlik! My Sweetheart se snoekie!

Blits

(na agter): Ek kan dit djou afsit as dit reg is.

Jênnit:

Ag dit sal so *sweet* wees as jy dit vir my doen, *Inspector*.

Blits:

Ruik lekker! *(Blits gaan af om stoof af te sit)*.

Buks:

Dis da'm sêd dat Percy nou sy vis gemis het! *(Buks breek per ongeluk 'n wind net as Blitz weer terugkom. Hy gluur arme Buks aan)*

Blits:

Just in time of daai snoek was charcoal!

Jênnit

(aan Blitz): Sal djy vir my nog 'n *favour* doen, *Inspector*? Djy en djulle anne' twee?

Blits:

Ons kan *try*, Mevrou. Vra ma'. *Service is our motto*, mos nê!

Jênnit:

Wel, djulle is nou almal hiersô. Almal van djulle was *close friends* van

my arme Sweetheart, my man Percy. En lat djulle nou my Sweetheart se *killer* moet soek! Kyk wa'loop die tyd al! *Shame!* Djulle moet teen dié tyd al vrek vannie honge' wies. Dis al lankal *dinner*-tyd verby en ek wiet my ou Sweetheart, (*Sy slaan 'n kruisteken*) "*May he rest in pieces*" sou my *never* ge-*forgive* hettie lat ek djulle so lank in ons huis moes besig hou met onnersoeke nie en ek gee nie eers vi' tee nie. Haai en ek het nie eers die *dignity* om julle te vra of julle nie honge' issie. Hoekom iet julle nie maar daai snoekie innie *oven* nie? Hy's nou net *perfectly* gaar en als soos die *Inspector* sê.

Straatvalk: O, nee. Ons sallie kan nie... onse respekte... vi' ou Percy... Daai snoekie was mos vir hom... vir julle tweetjies saam. Djy moet 'n ietsie inkry...

(*Blits en Buks lyk beslis honger en gluur vir Straatvalk aan*)

Jênnit: Asseblief..... *Personally* sal ekkie daai snoekie kan iet nie. Ek het nettie die *appetite* nie. Ek sallie eers daaraan kan vattie! Oe! As ek net *imagine* wat in hierie hys gebeu' het met daai snoekie innie hys! Maar julle sal sieke' ietsie kan eet?. Ag, djulle sal my so 'n *favour* doen om daardie snoekie uit my oge yt op te iet. Dan kan julle weer gaat verder *search*. Asseblief eet dit met *sweet memories* aan my Sweetheart (*Vir Blits*) Sal djy dit kry, Buksie?

Blits (*wink met sy kop vir Buks om dit te gaan haal*): Mevrou, dit sal vi' ons 'n eer en 'n voorreg wees. Soos ek gesê het: "*Service is our motto*, mos nê!" Kry die vis, Buks.

Jênnit: Dankie, Buksie. (*Buks is op pad kombuis toe*) Sal Sersant Straatvalk vir my dek, asseblief? (*Jênnit gee vir Straatvalk die stapeltjie borde wat dit op die tafel begin dek*) Ek is nou so ôp! (*Sy gaan sak in leunstoel neer*)

Jênnit: In die *sideboard* is daar nog van my Sweetheart se bréndie. Hy't dit

specially vir Nuwedjaar gekoep. (*In trane*) Ag, nou sal hy dit nooit eers oor sy lippe kan sittie! Dit gat net daar staat en vrot en *memories* van hom vi' my trugbring!. Vattie dit se'blief onner my oge uit!

Straatvalk: Nee ons kan *seriously* nie, Mevroutjie.

Blits (*reeds op*): As u nou rêrig *insist*, Mevrou... Om daai *memory* te laat *disappear*... *Service is our motto*, mos! (*Hy kry die bottel uit die kas*)

Jênnit: Asseblief! O, Djir ek kannie eers na daai *sideboard* kÿk sonner om oor hom te hyl nie. Se'blief, vat weg! Maak daai bottel net kla'!

(Blits kry die glase en skink vir hom en Straatvalk terwyl Buks met die pot inkom en op die tafel neersit. Hy haal die deksel af en weet nie wat op daarmee te maak nie. Hy sit dit skelm op die vloer onder die tafel neer. Straatvalk het reeds die tafel gedek en hulle gaan sit. Buks het nie brandewyn nie en gaan gooi maar vir hom 'n glasie water terwyl die ander inskep. Hy weet nie wat om met sy keps te doen nie en sit dit maar op die waterbeker. Hulle skep die snoek uit en begin heerlik eet. Hulle eet soos honger wolwe in die dawerende stilte. Kort kort vat een 'n diep sluk brandewyn. Dis asof hulle heeltemal van Jênnit se teenwoordigheid in die leunstoel voor vergeet het)

Blits (*vir Straatvalk*): Nog 'n *bit* vi' jou?

Straatvalk: Nee, ons kan dit mossie áls opvriet nie.

Blits: Jy die vrou gehoor! Sy wil hê ons moet dit opeet. Ons doen haar mos 'n *favour*. Djy sal my *orders* vat, Sergeant! Wie's op hierie case? Ek of djy?! let!

Straatvalk: Nou maar goed. Nog so 'n stukkietjie.

Buks: Dit moes 'n moe'se groot ding gewies het waarmee daai donne' ons arme Sersant April opge-*fix* het. Ou Stitch van die ambulans, sê dit lyk of hy met *crash hammer* ge-*hit* is. Sy kop was so pap soos 'n Sondag-agtermirrag se spanspek oppie Parare.

Blits: Daai *weapon* sal ons kry. *Easily!* Ons gaat daai *killer* somme'so vastrap. Hy kan ma wiet! Ek is nie verniet *Inspector* Blits Julies nie!

Straatvalk: Praat djy wat nog tanne het!

Blits: U!

Straatvalk: Praat ú wat nog tanne het.

Buks: Wie ook al die *job* gedoen het, sal seker nie daai swaar ding vi' 'n lang tyd rond-*carry* nie. Hy sal hom iewers *drop*. Maybe moet ons 'n *metal detector* kry. 'n Tjom van my het een Deetseember twee horlosies en *golden wedding ring* - met 'n *diamante* in - op Sandy Bay se *beach* gekry.

Straatvalk:
Serious? (Hy eet een strook deur!)

Buks:
Seriously serious! Daai mense loop swem en loop en lê mos da' *totally naked*. En dan raak hulle daar gesuip en dan trek hulle nie wee' alles aan as hulle nou stukkend gebrand is en wil tjaila nie. Hulle verloor somme' hulle *jewels en* goeters da'. Sal ek daai *metal detector* loop leen, *Inspector?*

Blits: *Jacobs!* Wie's op hierie *case*, hê? Ek of djy?!

Buks: *Sorry, man.*

Blits: *Sorry U!*

Buks: Sorruuu!

Blits: Persoonlik dink ek, die blêrrie *weapon* is hier op die jaarts of innie hys.
Wat rieken jy, Straatvalk? *Maybe* is dit hie' reg onder onse neuse!

Straatvalk: Djy rieken? Hie' reg onne' onse neuse?

(Jênnit begin te giggel. Sy giggel onbedaarlik. Hulle raak weer bewus van haar teenwoordigheid en voel ongemaklik)

Buks: Haai *shame...* Die *after-shock* skop nou eers sieke' in...

(Hulle eet heerlik voort en maak die snoekie klaar)

Blits *(Skraap die visgrate terug in die skottel)* Kom mense, maak klaar.
(Buks en Straatvalk skraap hulle grate ook in die bak) Ek dink, *let's call it a day.*

Ons kan more verder soek. Buks ek dink jy moet maar daai *metal detector* loop leen. Daai killer het seker daai *murder weapon* iewers in die blêddie see loop gooi! Buks, gooi die grate vi' die werewee in 'n plêstiek-*bag* en gooi dit in die innie *dustbin* oppie hoek. *Service...djy wiet!*

Buks

(op en kry platieksak in kombius) ...is our motto, mos! Ja ek wiet, Inspector!

Blits

(staan op om te gaan) Sarge, ek dink jy moet ma' vir eers hier bly en kyk lat die mevroutjie *safe* is vir vannag.

Straatvalk *(ook op):* Dis reg, *Inspector*. Ek is hier innie Wendyhuisie agter.

Blits *(roep na Buks agter in kombuis):* Buks! Ek kry jou by die van!

Buks *(verskyn met grate in die plastieksak bo): Reg, Inspector! (Uit by voordeur)*

Blits *(op na voorportaal):* Dankie vir die snoekie, mevroultjie. En baie sterkte virrie nag. Ons sien weer more.

Jênnit *(knik haar koppie ewe gedwee):* Dis reg, *Inspector....*

(Blits gaan uit)

Straatvalk *(kom ook af van voorportaal as die van buite vat en ry. Hy kom na Jênnit en sit sy arm beskermend om haar):* Is dji okay?

Jênnit: Dja... Ek is *hundred percent* OK. O, valkie... Voor ek vergiet, daar's iets wat ek jou moet vertel. Ou antie Mavis het vandag die *ring swing* op my gedoen. Jy weet daai toetsie waar hulle 'n ringetjie aan 'n stukketjie garingtjie *attach*? En dan *swing* hulle dit so oor jou lyf – hierso orie magie? Nou *guess* nou net *what*? Dis 'n laatie! "S'true's Bob!

Straatvalk *(Baie trots):* 'n Laatie?

Jênnit: Dja! Is dit nie *exciting* nie? *(Sy glip nou behoorlik in sy arms in)* Is dji nie *proud* nie, *Dêrra!*

(Die verhoog verdonker vinnig en komiese musiek kom op. In die verhoogbuiging staan Buks met sy keps eerbiedig voor sy bors. Blits lyk getrek en glimlag belangrik. Stitch en Driver staan bo op ingangsportaal en hou vir Sweetheart regop in die mat. Net sy kop steek uit. Jênnit staan so net-net 'n bietjie te naby onder Straatvalk se beskermende arm! Flash staan voor en neem 'n selfie van homself en die groep)

Die einde.

&&&&&